

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 1 OKTOBER 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 9/2013

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Kruger de Wet geopen waarna al die lede welkom geheet word.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Pieter le Roux		Kleinbrak
Charl De Wet		Kleinbrak
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Dorothy Barnard		Sekretaris/Tesourier

2.2 Op uitnodiging

Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Setchmor Rhoades	Munisipaliteit

2.3 Afwesig met verskoning

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4	
Rozain Hansen	Munisipaliteit	
Frans de Graaff	Munisipaliteit	
Abdul Coleridge	Munisipaliteit	
Des Muller		Riverside
Len Rauch		Tergniet
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig

12.4 Afwesig sonder verskoning

Terrie Terblanche	Riverside
-------------------	-----------

3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Mike Wray wat op 15 Oktober 2013 verjaar.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</p> <p>Die notule van die vorige vergadering word sonder wysigings goedgekeur. Voorgestel en gesekondeer deur Johann Muller en Kruger de Wet.</p>	
5.	<p>AANVULLENDE AGENDA</p>	
5.1	<p>Vakansie seisoen reëlingsvergaderings – 21 Oktober – 14:00</p> <p>Weens pro-aktiewe optrede deur die Vereniging, is die jaarlikse vergadering geskeduleer vir 21 Oktober 2013 – 14:00 in die Raadsaal, Munisipale gebou, Marshstraat 101, Mosselbaai. Anton en Mike (Johann Muller as alternatief) sal die vergadering namens die Vereniging bywoon.</p>	Anton / Mike
5.2	<p>Donasies vir die Vereniging</p> <p>As deel van 'n bewusmakingsveldtog word besluit dat besigheidskaartjies, soortgelyk aan die van Midbrak Buurtwag, gedruk word en dat Komiteelede dit dan aan inwoners sal versprei.</p>	Anton
5.3	<p>Verf van straatoppervlak inligtingstekens</p> <p>Areaverteenwoordigers word versoek om straatname/kruisings waar die stoptekens wat op die teer geveerf is oorgeveerf moet word teen nie later nie as 11 Oktober aan Dorothy te stuur. 'n Skrywe sal dan aan die Munisipaliteit gestuur word.</p>	Lede 11 Oktober
5.4	<p>Techno Asphalt - Availability of Draft Basic Assessment Report</p> <p>Len Rauch sal versoek word om die verslag na te gaan en insette teen die sperdatum van 1 November te lewer. Haal af.</p>	Anton / Len
5.5	<p>Reebok Vakansiemark – 18 – 20 Desember (11:00 – 15:00)</p> <p>Anton sal die aangeleentheid met Ina Blom bespreek. Haal af.</p>	
5.6	<p>Bossies op teeroppervlakte</p> <p>Die Munisipaliteit word versoek om bossies wat op die straatoppervlakte groei, met gif te spuit. Die bossies in Seesterstraat, net na Nautiluslaan moet dringend aandag kry. Daar word ook versoek dat die hele gebied nagegaan word omdat die probleem nie geïsoleer is nie.</p>	Rozain
5.7	<p>Vullisverwydering</p> <p>Die vergadering neem kennis van die insident asook Gibo se persoonlike aandag aan die probleem. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.8	<p>Kusweg – rigting Kleinbrak</p> <p>Die Munisipaliteit moet versoek word om die informele voetpad in Kusweg tussen Reebok en Kleinbrak te kompakteer omdat dit daaglik deur inwoners gebruik word.</p>	Dorothy / Rozain
5.9	<p>Trappe na die see</p> <p>13de Laan, Tergniet: Die vertikale houtreëling moet herstel word. 5de Laan, (bo-punt), Tergniet: Die houtpaal wat los is moet herstel word.</p>	Rozain Rozain
6.	<p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p>	
6.1	<p>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 11 September 2013</p> <p>Die vergadering is deur Mike Wray bygewoon. Johann Muller en Charl de Wet sal die vergadering van 16 Oktober 2013 – 09:00 bywoon.</p>	Johann / Charl
6.2	<p>Hersiening van straatname in die gebied</p> <p>Die brief sal nou gefinaliseer word.</p>	Dorothy
6.3	<p>Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155</p> <p>Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se skrywe van 19 September 2013 aan die eienaar.</p>	
6.4	<p>R102 - Skoonmaak van sygaardjies</p> <p>Verskeie boodskappe is vir Anton Steenkamp gelaat maar sonder sukses. Anton sal die aangeleentheid met behulp van Gibo verder hanteer.</p>	Anton / Gibo
6.5	<p>Grondwet hersiening</p> <p>Die vergadering neem kennis dat 'n prokureur tans die bestaande grondwet hersien om te verseker dat dit volledig en korrek is. Staam oor.</p>	Anton / Dorothy
6.6	<p>Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP</p> <p>Die manier waarop die proses hanteer is, is onbevredigend. Skriftelike navraag sal gedoen word oor die bedrag wat MEP betaal is/word vir die proses.</p>	Dorothy
6.7	<p>Plakkers / bosslapers (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Arcaciastraat) (voorheen Markus Louw se eiendom)</p> <p>Volgens mnr Frans de Graaff is die saak reeds na Regsdienste verwys.</p>	Rozain / Frans

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.8	<p>Pad na Powertown / bootlanding</p> <p>Volgens mnr Ottervanger van Eden Distriksmunisipaliteitdie is die padgedeelte nie 'n provinsiale pad nie en is hulle dus nie verantwoordelik vir die instandhouding nie.</p> <p>Sover ons kan vasstel wil geen departement/owerheid eienaarskap van die pad neem nie. Anton sal die aangeleentheid met Vernon Gibbs bespreek.</p>	Anton
6.9	<p>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg</p> <p>Die eienaar het 'n plan en aansoek geloods vir verslapping en oorskryding van die grense. Die aansoek word ondersoek.</p>	Frans
6.10	<p>Instandhouding van eiendom en bystand aan pensioenarisse</p> <p>Staan oor weens afwesigheid van Raadsheer Smit.</p>	Kallie
6.11	<p>Alternatiewe uit-/ingange by woonbuurtes</p> <p>Terugvoer op ons skrywe van 30 September aan die Munisipaliteit is nog uitstaande.</p>	Dorothy
6.12	<p>Impalalaan: Aanbring van tweede seëllaag en beplanningskedule</p> <p>Die antwoord op die navraag oor wanneer die tweede seëllaag aangebring gaan word is nog uitstaande.</p> <p>Volgens mnr Myburg is die nuutste beplanningskedule vir herseël van strate in die gebied nog nie beskikbaar nie.</p>	Rozain Rozain
7.	<p>WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5</p> <p>Die Voorsitter sal bevestig of al die GOP insette deurgegee is.</p>	Anton
8.	<p>PROJEKTE</p>	
8.1	<p>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</p>	
8.1.1	<p>"Welkom in Reebok" inligtingsteken</p> <p>Die teken is afgehaal omdat dit foutief was. Haal af.</p>	Rozain
8.1.2	<p>Oprigting van 10 ton limiet inligtingstekens</p> <p>Tekens is in Impalalaan naby 9de Laan en in De Jagerstraat aangebring met dank aan die Munisipaliteit.</p> <p>Omdat die plaveisel in Van Rensburgstraat, Tergniet sak, word gevra dat 'n limietbeperkingsbord by die ingange van 3de & 4de Laan aangebring word.</p>	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
8.1.3	<p><i>Inligtingstekens in Harrisstraat</i></p> <p>Tekens is herstel. Haal af.</p>	
8.2	<p>Skoonmaak van erwe</p> <p>Word deurlopend hanteer.</p>	
8.3	<p>Rampbestuur</p> <p>Charl het niks om te rapporteer nie aangesien hy afhanklik is van inligting deur Gibo. Staan oor.</p>	
9.	<p>FINANSIES</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
10.	<p>POLISIëRING / BUURTWAG</p> <p>Komitee lede word versoek om inwoners en vakansiegangers te sensiteer oor veiligheid. Beweging van mense wat bedag lyk moet onder die SAPD se aandag gebring word.</p>	Lede
11.	<p>BEWAREA</p> <p>Anton en Frik sal voorstelle bespreek. Staan oor.</p>	Anton / Frik
12.	<p>PLAASLIKE SAKE</p>	
12.1	<p>Fraaiuitsig</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
12.2	<p>Klein-Brakrivier</p>	
12.2.1	<p><i>Blouvlag status</i></p> <p>Die vergadering neem kennis dat die begroting goedgekeur is en dat toegang vir gestremdes aangebring sal word.</p>	
12.2.2	<p><i>Erf 118, huis nr 113, h/v Louis Fourie-/Robertsonstraat</i></p> <p>Mnr Frans de Graaff moet per e-pos in kennis gestel word van die hoop grond wat verwyder moet word. Haal af.</p>	Pieter
12.3	<p>Reebok</p>	
12.3.1	<p><i>Noord van die spoorlyn</i></p> <p>Geen ernstige probleme.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.3.2	<p><i>Suid van die spoorlyn</i></p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie.</p>	
12.4	<p>Reebokhoogte</p> <p>Die indruk wat besoekers by die ingange na die gebied kry, word bespreek. Voorstelle sal by die seisoen reëlingsvergadering ingedien word.</p>	Anton / Mike
12.5	<p>Reebokrif</p>	
12.5.1	<p><i>Fluktuasie in kragtoevoer</i></p> <p>Kennis is geneem van mnr William Olivier se e-pos oor die aangeleentheid. Haal af.</p>	
12.6	<p>Riverside</p>	
12.6.1	<p><i>Chemiese toilette te Riverside en Sportveld</i></p> <p>Anton het die aangeleentheid met mnr Puren bespreek en uitsluitel behoort oor twee weke gegee te word.</p>	Anton
12.7	<p>Tergniet en De Lange Uitbreiding</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
12.8	<p>Tergniethoogte</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	
13.	<p>KORRESPONDENSIE</p>	
14.	<p>VOLGENDE VERGADERING</p> <p>Dinsdag, 5 November - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.</p>	
15.	<p>VERDAGING</p> <p>Die vergadering verdaag om 14:30.</p> <p>DOROTHY BARNARD NOTULEERDER</p> <p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 10/2013 GEHOU OP 5 NOVEMBER 2013 – 13:00.</p> <p>ANTON DELLEMIJN VOORSITTER</p>	